OP PAD NA DIE KRUIS

(Markus 11:12-13)

Dit was die Maandag voor Jesus se kruisdood. Op pad na Jerusalem, doen Hy 'n wonderwerk. 'n Vyeboom word VERVLOEK. 'n Gelykenis in aksie!

GEEN VYE NIE - VERVLOEK

Dit het na 'n goeie boom gelyk. Opvallende blare, van ver af sigbaar. Hy verwag vye, maar daar was niks. Daarom vervloek Hy die boom. En dit vrek! So het die Jode gelyk. Baie blare. Aktiewe godsdienstige lewe. Tempeldiens. Priesters. Offers. Byeenkomste in sinagoges. Skrifgeleerdes, predikers, rabbi's. Maar onder die blare was daar nie vye nie. Geen vrug tot eer van God nie. Daarom herken hulle nie die Messias nie. In die week voor sy kruisiging roep Jesus deur die verdroogde vyeboom: BEKEER JULLE tot 'n lewende verhouding met God. Moenie net skyngodsdienstige blare dra nie. Verheerlik God deur opregte aanbidding. Sien God se verlossing in Jesus Christus raak. Klim af van julle hoogmoedige troontjie, asof julle deur afstamming, en die naam volk van die Here, beter as die ander is. Jesus Christus het die gesag om te oordeel. Waarlik, waar geen egte geloof in Hom is nie en waar die Vader, Seun en Gees nie met toewyding gedien word nie, sal mense deur God veroordeel word.

GODSDIENS SONDER GOD - VYELOSE VYEBOME!

Ons hoor VANDAG weer die gelykenis in aksie. Hoeveel van ons godsdienstige lewens is nie maar net groen blare sonder vye nie? Daar is soms baie godsdienstigheid, maar dit gaan nie oor God nie. Sy Woord word nie gepreek en gehoorsaam nie. Dikwels dra die menings en wense van mense groter gewig as die wil van God. Baie bely dat hulle glo, maar daar is geen dade wat dit bevestig nie. Kom ons ondersoek onsself in nederigheid. Erken God se gesag om te oordeel oor ons vrugte. Hy gee nou kans om tot inkeer te kom. So was dit vir die Jode destyds. So is dit tot met ons sterfdag of die dag van sy wederkoms. Waar daar geen geloof in die enigste Verlosser, Jesus Christus, is nie, wag oordeel. Die Here sal die opregtheid van ons geloof toets aan ons dade. Die PAASFEESTYD herinner ons aan die verdroogde vyeboom, maar ook aan God se liefde in Jesus Christus. Laat ons Hom dank vir sy Seun wat sy lewe vir ons gegee het, sodat ons vrugbare vyebome kan word. Dra vrugte tot sy eer.

(Deo Gloria Kuberbrief deur dr Callie Opperman)

WAPADRANT GEMEENTE, WAAR GOD LEWENS VERANDER

Ons is opgewonde om die volgende oor hierdie gemeente hier bekend te maak:
In hierdie Gemeente streef ons daarna dat elkeen geestelik sal bly groei deur hulle lewe en daarvoor het ons die volgende Visie bepaal –
"ELKEEN SAAM OP GOD SE PAD".
Om hierdie Visie te laat realiseer het ons die volgende **5 geloofsgewoontes** geïdentifiseer en Christus se liefde inspireer ons om dit na te streef:

Hieruit spruit dan ook ons waardes

LIEFDE
vir God en mekaar;
VERHOUDINGS
met God, met mekaar, met die wêreld;
GROEI
in liefde en in hierdie verhoudings;
DIENSBAARHEID
teenoor God, teenoor mekaar, teenoor die wêreld;

BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE

Vir enige navrae kontak gerus die kerkkantoorpersoneel by:
0129911395 of 0129915623
(Maandag tot Vrydag 08:00 - 15:00)
Die Gemeente se webblad is egter 'n bron van baie inligting en ook ander kontakbesonderhede, gaan kyk gerus by: http://www.wapadrant.co.za

****

NUWE LIDMATE
Besoek die volgende webadres vir inskrywingsvorm http://www.wapadrant.co.za/kontak-ons.html of kry 'n vorm in die bruin kas in die voorportaal.

****

INDIEN JY 'N FINANSIËLE BYDRAE WIL MAAK
Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansielesake.html of gebruik sommer nou SnapScan. Volledige inligting oor SnapScan op kennisgewingbord in die saal.
Elektroniese oorplasing:
Absa, Tjeknr 3490151957, takkode 632005.
Verwysing: Naam en Van

****

UITREIK PROJEKTE
Navrae by die Uitreikkoördineerder: Anlia du Plessis
0129914907/0824763047/
uitreik@gkwapadrant.co.za
* NPO's en Neem-en-Deel Bybelprojek se inligting by http://www.wapadrant.co.za/uitreik.html
* Engelse Erediens (Rainbow Christian Fellowship). Kontak Hans Lensink by 083 629 8527 hans.lensink@eskom.co.za of Malwande Mdonga by 079 904 3264/malwande@gmail.com

****

CHRISANTE HOSPITAALBEDIENING
Véra Tollig by 082 644 6741 / tollig@woodlandsnet.co.za
Indien jy by hierdie dienswerk betrokke wil raak.
Onthou om asb die Kerkkantoor in kennis te stel indien jy hospitaal toe gaan vir enige operasie of mediese prosedure!!

****

EL-PIDA: Pretoria-Oos Dienssentrum
Vir 'n leefstyl wat by die ouer persoon pas. elpida.dienssentrum@gmail.com / Judy Bovey 083 325 2102

DIEN MET JOU GAWES
2019
Rom 12:1 Gee jouself

GPS

21 APRIL 2019

EREDIENS VANDAG

08:30✓ 10:30 x	**Jaco Kruger**
Teks:	1 Korintiërs 15:35-49
Tema:	Die lewendmakende gees
18:30 x	**Geen**

LIEF EN LEED

Ons vra voorbidding vir:

- Sarel Vorster (0826635147) wat in Pretoria-oos hospitaal opgeneem is.
- Delene van Heerden (0829298017) wat in Wilgers hospitaal se intensiewe sorgeenheid opgeneem is.
- Aat van der Dussen (0823320855) wat 'n operasie aan sy oor ondergaan het.

PREEKROOSTER

Datum	08:30	10:30	18:30
28 April	Rassie	Rassie	Peet
5 Mei	Jaco	Jaco	Rassie
12 Mei	Sloet	Sloet	Jaco

ALGEMEEN

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

GEMEENTENUUS

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Dinsdag 09:00. Peet gesels oor Openbaring 10.
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdag 09:00
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.
- GKSA Nuusbrokkies is beskikbaar op die GKSA se webblad http://www.gksa.org.za/index.htm

Kom kuier saam in die amfi na afloop van die erediens. en geniet 'n southappie en soet verrassing.

BID SAAM 7 Mei 18:30
Kom ons bid vir ons land en die verkiesing van 8 Mei. Bring jou gesin en 'n pizza en kuier lekker saam. Kontak Magda Prinsloo by 0824145688 vir inligting.

SYNEXUS bied op 30 April 10:00 - 12:00 komplimentêre bloedsuiker, cholestrol en bloeddruk toetse in die saal aan.

"Laat alles wat asem haal, die Here prys!" (Ps 150:6)
Die **lofprysingbediening** nooi graag lidmate uit om kunswerke, gedigte of handgemaakte items beskikbaar te stel vir 'n uitstalling in Mei. Sluit asb. 'n briefie in wat beskryf wat jou geinspireer het en hoe dit die Here loof. Kontak die kerkkantoor by 012 991 5623

KUNGWANI WELFARE ORGANISATION
making a difference in people's lives
(Paul Jungnickel tehuis) versoek skenkings van wintersklere. Laat dit asb. in 'n gemerkte sak I n die saal.

ELPIDA se nuursbrief vir Mei en Junie is beskikbaar in die bruin kas of by www.wapadrant.co.za/el-pida-nuusbrief.html

LIEFDEGAWES

- **Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente:** Wapadrant Diakonie (vir o.a. behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- **Een derde vir verdienstelike Sake Buite Gemeente:** Admin Buro en andere.

GEBEDSBEDIENING

HOU AAN BID

Het gebed die gewenste uitwerking ? Help dit om te bid ? Jesus beveel elke gelowige in Sy Bergrede (Mt 7:7-11) : "Vra (bid) en vir julle sal gegee word, soek en julle sal vind, klop en vir julle sal oopgemaak word". Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking (Jak 5:16). In die gelykenis van die onregverdige regter of die volhardende weduwee illustreer Jesus sy opdrag om sonder ophou te bid. Die weduwee hou aan om die regter lastig te val. Sy dring by hom aan om aan haar reg te doen, want sy is deur iemand veronreg. Sy hou eenvoudig aan sonder om moeg te word. God hou Hom nie doof vir sy gelowiges wat tot Hom bid nie. Hy sal hulle verhoor en gou ook !
(Luk 18:7 & 8)

WhatsApp jou gebedsversoek na 0825703025.

Ouderling Magda Prinsloo.

DOOP EN NAGMAAL

- **NAGMAAL** word 26 Mei bedien by al die eredienste.
- Die **DOOP** word 5 Mei bedien tydens die oggenderedienste bedien.

KLEUTERKERK EN SKOOLKLEINGROEPE

- **Kleuterkerk 3-6 jariges:** Geen
- **Laerskool Kleingroepe (Gr 1 - 6):** Geen
- **Hoërskool Kleingroepe (Gr 7 - 12):** Geen